

Liewe vriende

Dankie vir julle voorbidding tydens ons besoek aan Mbukushu.

- Die ander gemeentes van die VGK in Kavango (Ring van Takwasa) reik uit na Shadi, het hulle vrouekonferensie daar gaan hou en wil ook so maak met die volgende jeugkonferensie. Dit help om Shadi gemeente sterker te laat staan in daardie gemeenskap.
- Daar is 'n behoefte aan leierskap: die gemeente het as 'n kring dissipels begin, maar van hierdie mense moes intussen uitspring om 'n inkomste te gaan soek en soms is Twanu alleen in die werk, met 'n paar ouderlinge. 'n Paar buitewyke is leierloos, maar die mense daar roep nog om bediening.
- Die plan van aksie is: om leiers te help met lewensonderhoud deur opleiding en deur "Farming God's Way". Daarvoor moet die hektaar grond rondom die kerk behoorlik afgekamp word (daar is al 'n goeie begin gemaak, maar bronne is nou uitgeput) en dalk kan daar 'n werkbare ooreenkoms met aangrensende Shadi Landbouskema gemaak word om water te kry. Die bestuurder het reeds aangebied om te help met die vervoer van bv. 'n watertenk, pype en ander benodighede - wanneer daar van ons kant die moontlikheid sou wees om dié dinge aan te koop. Gebed vir 'n begroting van rondom N\$30 000.
- Huwelike word in daardie konteks baie aangeval. In die gemeenskap is daar min begrip of respek vir die waarde van die huwelik: families sal maklik inmeng en 'n huwelik probeer breek ter wille van hulle eie planne; die feit dat mans (insluitend leiers van die gemeente) soms op ander ver plekke moet gaan werk, maak die gevaar net groter.
- Die gevoel is dat die invloed van die toordokters, wat aan die begin erg gevoel is, afneem - maar die geestelike stryd duur voort.
- Die waarneming is ook dat mense oor die algemeen gelukkiger, gesonder en beter versorg voorkom, ten spyte van heersende armoede.
- Daar is 'n moontlikheid dat die Council of Churches kan help met voedsel vir die kinderbediening.
- Die vrouens (wat hulleself Tabita Aksie noem), jeugbeweging en sonagskool is goed georganiseer. Dis baie bemoedigend om dit so te sien in 'n jong gemeente.
- Die dak, wat in 2010 opgerig is, moet nog toegebou word. Daar was reeds 'n poging, maar die bronne om dit te doen, ontbreek maar heeltemaal.
- Nou dat ons in Gobabis terug is, is Shadi nie vergete nie; bid, dink en werk saam met ons om meer dinge daar te verwesenlik.

Hessel Bouma en sy dogter Jozine, vriende van Nederland en deel van die wyksgemeente deArke in Drachten, het 'n besoek aan Shadi deel van hulle vakansie gemaak. Hulle het ook 'n bokkie geskenk, wat sommer net na Sondag se diens 'n heerlike maal aan almal verskaf het! Vleis is daar rond 'n luukse net vir besondere geleenthede!

Vrede,

Henk